Jan Steyn preek 23 Julie 2017

Tema: Vreemde tevredenheid (vergenoegdheid)

Teks: Filippense 4:10-20

Inleiding: Tydperk van onblusbare ontevredenheid:

Die historikus Arthur Schlesinger merk op dat ons samelewing gekenmerk word deur wat hy noem inextinguishable discontent. Onuitblusbare ontevredenheid of onvergenoegdheid. Hy skryf die volgende: "Our quest is better and what is next. We want a better job with better pay and a better boss. We want better relationships and a better car and a better backhand in tennis or a longer drive in gholf. And we have a propensity to live endlessly for the next thing- the next weekend, the next vacation, the next purchase and the next experience. We are never satisfied, never content, and envious of those who have what we don't have or have not attained or accumulated". Wat wil hy in wese sê? Ontevredenheid, hierdie konstante gevoel van onbehae gaan oor die vraag: **Is daar nie meer nie en wat is volgende?**

Ons het nog nooit as ons na die geskiedenis kyk so baie gehad, in terme van goed en ervarings nie, maar ook nog nooit so gesoek en gesmag na meer en meer nie. Ek het al met julle gedeel hoe die advertensiewese en aanlynwinkels juis inspeel op hierdie ontevredenheid of onbehae in ons harte en ons so intrek dat dinge wat ons baie keer nie werklik nodig het nie, eenvoudig begin lyk soos dinge waarsonder ons nie sal kan leef nie.

Ons ontevredenheid met ons lewens en omstandighede kom nie net uit in ons seining van ons goed nie. Dit raak op die ou end ons verhoudings- een van die redes hoekom die egskeidingsyfer styg en styg is omdat ons so gou ontevrede raak met die mense waarmee ons getroud of in verhouding mee is. Is daar nie dalk meer as jy nie? As ek dalk met iemand anders getroud was, sou ek meer tevrede en gelukkig wees. So skei jy en hierdie siklus van ontevredenheid word net voortgesit- die volgende liefdesmaat het ook foute, net soos jy! Jy sien, as jou onbehae en innerlike ontevredenheid saam met jou stap die volgende huwelik en verhouding in, dan gaan presies dieselfde as die vorige keer gebeur.

Op die ou end is die ergste van ons ontevredenheid, ons ontevredenheid met onsself. Dis hoekom die advertensies op ons werk ten diepste- ons is nie tevrede met onsself nie. Jy voel jy moet jouself altyd druk om beter te word, jonger te lyk, meer te oefen, meer te verdien. Jy moet tog altyd vorentoe gaan, anders kan jy net sowel onsigbaar wees. Ons is met onsself ook altyd op pad na meer en beter en die volgende.

Die manier om in ons eie tyd vandag tevredenheid of vergenoegdheid te bereik, so leer die samelewing ons, is deur meer goed en telkens nuwe ervarings bymekaar te maak. Iets buite jouself, of aan jou buitekant soos jou voorkoms, sal dan ook innerlik by jou hierdie ervaring van tevredenheid skep.

Wat het hierdie tevredenheid of vergenoegdheid in Paulus se tyd beteken?

Paulus skryf hier in vers 11: Ek het geleer om my in alle omstandighede te behelp. Die Ou Afrikaanse vertaling lees: Ek het geleer om vergenoeg of tevrede te wees met die omstandighede waarin ek is. The Message vertaal dit: I've learned by now to be quite content whatever my circumstances. In Paulus se tyd was die mense wat veral oor tevredenheid of vergenoegdheid gepraat het, die Stoïsyne. Hulle was hierdie groep Griekse filosowe. Hoe het hulle gedink sou hulle by hierdie deug van vergenoegdheid of tevredenheid uitkom? Hulle het geglo jy moet streef om bo plesier en pyn verhewe te wees. Dan kan jy tog alle omstandighede hanteer, of dit nou goed is of sleg. Jy moet ook onafhanklik van alles en almal leer funksioneer- dan het jy niemand nodig nie en niks van niemand nodig nie. Om by hierdie staat van vergenoegdheid uit te kom, moet jy alles emosie uit jou lewe uitban. Want as jy niks meer voel vir enigiemand of enigiets nie, sal geen omstandighede jou onderkry nie. Jy moenie omgee wat met jou gebeur nie. Jy moet dus hierdie wil van staal ontwikkel waarin niks jou kan onderkry nie. Die Stoïsyne wou van die menslike hart hierdie woestyn sonder meegevoel of emosie maak en het dan gedink dit sou tevredeheid en vergenoegdheid bring. Waar ons eie dag leer tevredenheid of vergenoegdheid is te vinde in goed aan jou buitekant of buite jou of in wat jy kan bereik, het die Stoïsyne die teenoorgestelde geleer- dit is alle binne jou. Jy moet net jou eie hart en emosies kan oorwin. Jou eie swakheid en gebrokenheid oorwin.

Wat leer Paulus ons?

Tevredenheid of vergenoegdheid het te make met gebed:

Ek lees sommige van die selfhelp ghoeroes vandag meen tevredenheid het te make met hoe jy oor jouself dink en hoe jy met jouself en van jouself praat (jou self speak). Verander net jou denke en jou self speak en jy gaan verseker by tevredenheid en vergenoegdheid uitkom. Paulus leer egter dis nie jou praat met jouself wat jou lewe verander nie, maar jou praat net God: "Maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend. En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus." Gebed is gesprek, dis praat met God. Deur te bid erken ek ek staan nie onder my eie sorg nie, maar onder die Here se sorg. Tevredenheid of vergenoegdheid het altyd te make met die besef ek sorg nie maar vir myself nie. 1 Petrus 5:7: "Werp al julle bekommernisse op Hom, want Hy sorg vir julle." Gebed staan nie alleen nie,

dis altyd deel van my groter verhouding met die Here, wat te doen het nie net met gebed nie, maar met my geldsake, seksualiteit, werk ,ontspanning en my verhoudings. Met alles van my.

Tevredenheid of vergenoegdheid het met ander mense te make:

Die Stoïsyne het geleer jy sal by vergenoegdheid uitkom as jy niemand nodig het of niks van niemand nodig het nie. In ons eie dag leer die samelewing ons maar amper dieselfde- jy moet op jou eie bene kan staan en onafhanklik en sterk in jouself kan wees. Jy moet selfgerig wees- iemand skryf ons almal staan maar die gevaar om nommer 1 te wees. Deel van Paulus se vergenoegheid of tevredenheid het juis met sy verhouding met ander mense te doen gehad. Noudat ek van Epafroditos ontvang het wat julle gestuur het, het ek alles wat ek nodig het (vers 18). Mens noem dit interafhanklikheid- ander mense het my nodig (hy was hulle herder en leraar) en ek het hulle nodig. Paulus is hier in Filippense 4 in die gevangenis, waarskynlik in huisarres met min middele om van te leef. Die gemeente bring wat hy nodig het in terme van sy basiese lewensbehoeftes soos kos en klere. Jy kan nie by vergenoegdheid uitkom as jy hierdie onafhanklike lewe los van ander mense wil lewe nie. Tevredenheid of vergenoegdheid het met mense en verhoudings te make.

Tevredenheid of vergenoegdheid is in Hom (in die Here):

Ons dink baie keer vergenoegdheid is 'n gevoel soos blydskap en hartseer en daarom behoort dit hier binne in onsself te wees. Paulus skryf hy het geleer om vergenoegd in elke omstandigheid te wees. Hy het dit geleer. Dit was dus nie iets wat maar altyd van nature deel van sy persoonlikheid was nie. Hy is dus nie van nature hierdie positiewe mens wat net deur niks en niemand onder gekry word nie. Paulus se tevredenheid is in Hom, in die Here. Kyk vers 4: Wees altyd of in alle omstandighede bly in die Here. Vers 10: Ek was baie bly in die Here. Vers 13: Ek is tot alles in staat deur Hom wat my die krag gee. The Message se vertaling spreek my aan: Whatever I have, wherever I am, I can make it through anything in the One who makes me who I am.

Mense as jy iets kan leer is dit nie 'n gevoel nie- dis wat? Dis 'n wete, dis ' n soort kennis. Wat is hierdie wete of kennis? My omstandighede en emosies gaan wissel- ek gaan goeie en slegte omstandighede kry, ek gaan soms positief en soms negatief voel. Wat is dan die wete of seker kennis? Die Here is altyd dieselfde en altyd by My maak nie saak wat die omstandighede is nie. Tevredenheid of vergenoegdheid- nie binne jouself soos die Stoïsyne of sekere selfhelpghoeroes vandag wil leer nie. Dis nie buite jouself in geld of goed of in wat jy bereik nie. Jy kan baie hê en steeds ontevrede en onvergenoegd wees en jy kan min hê en vergenoegd en tevrede wees. Dis nie die vrug van jou positiewe ingesteldheid of persoonlikheid nie. Dis in Hom. Dis nie binne jouself of buite jouself nie, dis in die Een wat altyd by jou is. Die krag om in elke omstandigheid staande te bly is nie sy eie krag nie,

dis die krag van die Een wat altyd by hom is. Paulus se anker is nie in homself of buite homself nie, dis in Hom.

Slot:

Die kern van vanoggend se boodskap is tevredenheid en vergenoegdheid is nie hierdie gevoel of emosie nie. Anders sou dit skuif soos wat omstandighede goed of sleg is. Tevredenheid kom nie met hou jou stiff upper lip en vat wat jou kant toe kom of sy ander uiterste- don't worry be happy nie. Tevredenheid of vergenoegdheid hang dus ook nie saam met positiewe of goeie omstandighede nie. Dis nie iets wat deel is van party positiewe mense se geaardheid nie. Dis nie in goed buite jouself nie, dis ook nie hierdie innerlike krag binne in jou nie. Dis in Hom. My tevredenheid en vergenoegdheid kom uit die vaste en seker kennis dat Hy in alles by my is en vir my sal bly sorg in alles wat oor my pad kom. Hy sal ook soos vir Paulus vir jou en my die mense voorsien waardeur Hy ons ook dra en bemoedig.

Die Here is die bron van my tevredenheid en vergenoegdheid. In Hom het ons altyd genoeg en is ons altyd genoeg, wat ook al ons bankrekening vertel of ons innerlike gevoel is.

Amen

"